

GETUIES

 Goeienaand, vriende. Dis baie bly om hier te wees vanaand, die Here te dien. Hierdie was 'n wonderlike week vir ons, die laaste twee weke. Broer Neville het my pas agter in die kamer ingeneem en met my gepraat, en gesê dat daar 'n bietjie meer as 'n honderd bekerings was, wat na die Here toe gekom het; en amper vyftig dope, wat in water gedoop is. Dis die moeite werd. Nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ons is so bly daaroor.

² Bly om vreemdelinge in ons poorte te hê vanaand, en bid dat God julle uitermatig oorvloediglik sal seën. En ons wil elkeen bedank wat 'n poging aangewend het vir hierdie byeenkoms, om iets te doen tot die eer van God.

Ons wil ons Broer Thom bedank.

³ En—en Broer Tom Merrideth en Suster Merrideth, en klein Merrideth hier, albei, en almal van hulle, vir hulle sang, musiek; en ons verwelkom beslis terug na die Branham Tabernakel op enige tyd. Almal wat so voel, sê "amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Broer Merrideth, jy weet hoe ons voel. Ek het Broer Merrideth net onlangs ontmoet, en hy het 'n baie goeie vriend geword.

⁴ Broer Neville vir sy, en Broer Merrideth, albei, vir hulle dapper prediking, en bystand, en alles wat hulle gedoen het.

⁵ Broer Neville, ons is bly om jou as ons pastoor hier te hê, van hierdie kerk. Ons wil hê jy moet weet ons diepste liefde is vir jou. En ek het vertrou in Broer Neville; sy lewe nagespeur. En julle ken die ou gesegde: "Om vir my 'n preek te lewe, is beter as om vir my een te preek," is baie waar. En so is ek—ek baie bly dat Broer Neville hier by ons is, om die pastorale werk van hierdie skape oor te neem wat so pas in die kudde ingebring is. Die Here Jesus seën ons broer!

⁶ En vir die diakens en die . . . elkeen, ons waardeer dit net.

⁷ Ons het Broer Kidd, glo ek is dit, en baie van die ander verskillende predikers, en Broer Hoover. Ek weet nie of Broer Hoover vanaand hier is, of nie, maar hy was saam met ons en is vanmôre gedoop.

⁸ Broer Beeler, ons ou pël en vriend, in die Evangelie, as jy my sal verskoon om dit so te sê. Ons is bly om hom te hê en sy samewerking. Hy neem die—die opnames van die dienste, ensvoorts. En hy sal dit oor en oor herleef, vir 'n lang tyd, neem ek aan.

⁹ So ons is baie bly vir almal, vir die . . . julle wat die spesiale items gesing het, en alles. Die Here Jesus seën julle, is my gebed.

¹⁰ Net 'n bietjie moeg vanaand. Ek het nie baie rus gehad nie. Gisteraand was 'n dubbel preek, en ek het omtrent eenuur ingekom, in die bed. En weer baie vroeg op vanmôre, en sonsopkomdiens, en toe Sondagskool. Toe, gebly in die water vir amper twee ure, om te doop.

¹¹ Daardie water is koud. Nie waar nie, vriende? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, dis die koudste water wat ek al ooit gesien het, al ooit gevoel het, liever. Goeiste, ek het nog nooit . . . Ek was so verkleum dat ek net . . . Ek net nie geweet het of ek op- of aftrap, om daar uit te kom nie.

¹² So ek het nog nie eers ontdooi toe ek by die huis gekom het nie, en die vrou het gesê: "Aandete is gereed." En ek het net in 'n groot bad vol warm water gespring, en soort van 'n bietjie warmer geword; en my klere aangetrek, en na 'n begrafnisdiens toe gegaan.

En ons het die begrafnisdiens gehou.

¹³ Net toe ek by die huis kom, was daar 'n noodoproep van die hospitaal af, so ek moes omdraai en teruggaan na die hospitaal.

¹⁴ Het nie enige aandete gehad nie, so ek het net . . . Broer McSpaddin, 'n klomp van ons, was oorkant en het 'n aandetjie gehad, net 'n rukkjie gelede.

¹⁵ En nou teruggekom vir die aanddiens, en die afsluiting van die herlewing. Ons is baie bly vir hierdie voorreg. Net 'n bietjie hees, so julle sal my verduur.

¹⁶ Ek het gesê, vanmôre: "Ek gaan vanaand preek, oor: 'Die tekens wat die gelowige volg.'"

¹⁷ Ek het nie geweet, toe ek ingekom het vanmôre, wel, of van—vanaand nie, liever, totdat een van die trustees hier by die kerk, gesê het: "Broer Bill, jy onthou, vanaand is nagmaalaand."

¹⁸ Ek het gedink: "O, goeiste, hier is ons nou weer!" So ek het weer teruggegaan, ek het gedink: "Here, waarvoor gaan ek nou preek?"

¹⁹ Ek het 'n hele ry Skrifte hier, neergeskryf gehad, en ek sou na baie van hulle verwys het, oor: "Tekens wat die gelowige volg," so ek moes dit 'n bietjie aanpas. So nou, miskien, so ons het die nagmaaldiens, en ons hoop julle is saam met ons in hierdie groot fees. Wat 'n pragtige tyd om nagmaal te neem, net na die opstanding. En 'n pragtige tyd vir die Heilige Gees ook om te val, net in dieselfde seisoene nou wat die Heilige Gees moet val.

²⁰ So, vanaand, ek hoop ek het nou nie daardie kaartjie verloor nie. 'n Billy Graham evangelistiese film is in Louisville, en sal die *Olietoring van die V.S.A.* vertoon, die twintigste April, by die Gedenk Ouditorium. Ek . . . Hulle het my gevra, vanaand, of ek dit sou aankondig, een van Billy Graham se medewerkers, dit sou aankondig in my kerk. Hy het vir my sy kaartjie gegee. So ek's . . . Ek wil hê, as julle kan, om dit te gaan kyk, as dit

nie te ongeleë is vir julle nie. En ek glo dit sal mooi wees. Hy het onlangs sy film, *Mnr. Texas* gehad, en baie van julle het dit gesien, inderdaad 'n baie goeie film. En ek het nog nooit enige van hulle gesien nie, maar ek het soveel opmerkings oor hulle gehoor. Dis die twintigste April, by die Gedenk Ouditorium in Louisville.

²¹ En nou, ook, ek glo daar gaan 'n herlewing ook aan die gang wees hierdie week, oorkant by die—by die ouditorium. Een of ander jong evangelis is daar oorkant besig om te preek. En as julle daarrond is, en kan, weet ek hulle sal dit waardeer. Ek weet hoe. . . Ek sê julle, ek wens ek het niks te doen gehad nie, net van een herlewing na die ander. Dis, ek hou daarvan om by die vure uit te kom en warm te word. En julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis goed.

²² Broer Merrideth, het jy aangekondig vir die mense waarop jou uitsending inkom, en alles? [Broer Merrideth sê: "Nee, Broer Branham."—Red.] Wel, sal jy hiernatoe kom en dit net nou kom doen? Broer Merrideth sal aankondig sy. . . [Broer Tom Merrideth kondig die tye van sy daaglikse radioprogram aan op WTCO AM 1150.] Dankie, Broer Tom.

²³ En is daar enigiemand anders wat 'n herlewing het wat dit wil aankondig, of enigiets spesiaal, enige van die predikers? En ons is altyd bly om erkening te gee aan ons broers en hulle dienste. Die Here seën julle nou.

²⁴ En moet nou nie vergeet om by ons te bly, as julle kan, onmiddellik na hierdie diens, die preekdiens, vir die—vir die nagmaal en voetewas nie. Hoeveel het al ooit gehoor van voetewas? [Die gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, daardie, julle is net so tuis hier soos 'n sak op 'n hemp is. Nou, ons glo dit omdat die Bybel, dink ons, dit leer. So ons—ons wens julle kan oorbly en saam met ons wees.

²⁵ Onthou julle die outydse Baptiste onder in Kentucky, hoe ons altyd middagete op die grond gehad het? En die ou mense sou opstaan en dit sing soos wat ons het onder by die vurk van die spruitjie, (onthou julle?): "Genade onuitspreeklik groot, hoe soet die klank!" Die broers sou almal agter onder die skadubome ingaan daar, en hulle sou gaan voetewas en uitroep. Dit was regte Baptiste. Ons het nie mekaar se hande geskud, soos julle Baptiste vandag maak nie. Ons het mekaar op die rug geslaan tot hy deurgekom het. Hulle het regtig iets gehad. Behoort nog 'n paar van daardie Baptiste te hê, nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis reg.

²⁶ En so doen ons dit nogsteeds hier, voetewas, en ons wil graag hê julle moet saam met ons wees, indien moontlik, vanaand. So ek sal probeer ophou, net te praat, want ek's net 'n bietjie hees. So, bid nou vir my.

27 En nou wil ek 'n stukkie lees in die Nuwe Testament, in die 1ste hoofstuk van Die Handeling Van Die Apostels. Ek dink hierdie behoort genoem te word Die Handeling Van Die Heilige Gees In Die Apostels. Dis hoe die Heilige Gees die apostels laat optree het, nadat Hy gekom het. Nou, in die 8ste vers, lees ons hierdie.

Maar julle sal krag ontvang, nadat... die Heilige Gees oor julle kom: en julle sal getuies wees... in Jerusalem, . . . Judéa, . . . Samaría, en tot aan die uiterste dele van die aarde.

28 En nou, net vir 'n paar oomblikke, wil ek die onderwerp gebruik van: *Getuies*.

29 En sal ons nou ons hoofde buig, net volgende, vir 'n oomblik van gebed, as julle sal.

30 Ek wonder of ons suster ons 'n akkoordjie sal gee van *Bly By My*, iets van daardie aard, suster, as jy sal.

31 Nou, elke persoon hierbinne het nou 'n behoefte. Sal julle dit net bekend maak aan God, deur jou opgeligte hand? Wys net vir God: "Ek—ek het 'n behoefte, Here." Ek het myne ook op. Mag Hy elkeen van julle seën, en julle die begeerte van julle hart gee. Terwyl elke persoon, op sy eie manier nou, net soos wat julle in die kerk bid, dis hoe ek wil hê julle moet bid.

32 Ons Hemelse Vader, ons kom na U toe aan die einde van nog 'n dag. Pragtige son wat vanmôre opgekrom het, het nou klaar gesak en het ondergegaan, en sy donker wolke het die lug bedek. Ons dank U vir die dag en vir die herinneringe wat ons gehad het van daardie groot herdenkingsdag toe Jesus, die Here, opgestaan het uit die dood.

33 Waarlik, soos die natuur is, so sal dit gou wees, die sonsondergang van die tyd is aan die sak. Sal nie lank wees voordat dit alles donker is nie. Baie sal hier agtergelaat word om deur daardie periode van tyd te gaan, hoe die honger en dors na 'n outydse herlewing net soos wat so pas afgesluit het.

34 God, ek bid vir daardie jong vrou daarbuite in die hospitaal net nou, wat in daardie ongeluk was, een van haar lange deurboor het; en haar man verskeur het; platgedruk, vergruis; haar hart na die ander kant toe geslaan, totaal onmoontlik vir die dokters. Sal U nie net nou genadig wees nie?

35 Onthou, Here, daardie Mnr. Pritchard wat daar lê, hygend, sterwend. Deur die hyg na asem, en uitreik deur die suurstoftent, het hy Christus as sy persoonlike Verlosser ontvang.

36 Onder by die ondernemer, vandag, aan die kniel daar in die kamer, daardie arme ou vrou, iets oor die tagtig jaar oud, gesê sy het Christus nog nooit as persoonlike Verlosser aangeneem nie. En daar by die ondernemer, by haar kleindogter se begrafnis,

Christus as haar persoonlike Verlosser aangeneem. Mag God met haar wees!

³⁷ Seën almal hier by die Tabernakel, Here, hierdie twee weke, wat gekom het na die L- . . . U. Wees met hulle. Seën diegene wat vanmôre gedoop is. Mag hulle groei in genade en die kennis van die Here, totdat hulle kom by die volle gestalte van Jesus Christus, dan eendag weggeraap word saam met Hom in die wolke, om Hom te ontmoet in die lug, en vir altyd by die Here te wees.

³⁸ Seën almal wat vanaand hier is, Here. En as daar enige hierbinne is wat U nog nie aangeneem het as hulle Verlosser nie, mag hierdie die uur van hulle besluit wees. Mag hulle lieflik, nederig kom, en Hom aanneem as hulle persoonlike Verlosser. Skenk dit, Here.

³⁹ En nou, as U arme, onwaardige, onwingsgewende dienskneg, is dit blykbaar my lot om die Brood van die Lewe, weer vanaand aan die mense te breek. Here, ek bid dat U sal help, vanaand. Mag die Heilige Gees, die derde persoon van die drie-eenheid, kom, die Woord van God neem, en Dit in elke hart plaas, net soos dit behoefte het. Mag Dit dan benat word met geloof, en vrugte in oorvloed voortbring. Skenk dit, Here.

⁴⁰ Ons het U lief, en ons glo U en dien U. Ontvang nou ons danksegging, want ons vra dit in die Naam van die Here Jesus, U geliefde Seun. Amen.

⁴¹ Ons begin, vanaand, in hierdie klein, kort studie van die Woord van God. En terwyl ek graag elke gelowige in gebed wil hê, diepe gebed, vir my nou. Daar is geen mens wat hierdie Woord van God kan oopmaak nie. Ons kan die bladsye omblaai, maar, om Dit oop te maak, verg die Heilige Gees. Die mens kan dit nie doen nie. Dis nie ons vermoë nie. Johannes het die Bybel in die Hemel sien lê, en gesê: “Daar was geen mens in die Hemel, of op die aarde, of onder die aarde, waardig om selfs die Boek te neem, om Dit oop te maak, of die Seëls los te maak nie.” En toe het hy gesien: “’n Lam, asof Dit geslag was vanaf die grondlegging van die wêreld, Hy het gekom en die Boek geneem uit die regterhand van Hom wat op ’n Troon gesit het, die Seëls oopgemaak, en die Boek losgemaak en Dit oopgemaak vir die mense.” En mag Hy kom, vanaand, en dieselfde doen.

⁴² Jesus het hier Sy apostels aangestel, vir ’n kwalifikasie van die Heilige Gees, voordat hulle kon gaan om getuies te wees. En my onderwerp vanaand is: “*n getuie.*”

⁴³ Nou, in howe, moet ’n getuie iets weet. Enigiemand kan nie net inkom en ’n getuie wees nie. Dit moet iemand wees wat iets weet. En dis hoe dit is wanneer ons getuig vir die Here. Dit verg iemand wat iets weet.

⁴⁴ So Jesus het gedink, hierdie gesê, dat voordat hulle Sy getuies kon word: “Hulle in Jerusalem moes wag totdat hulle toegerus is

met Krag van Omhoog,” dan sou hulle getuies wees, regoor die wêreld; in Jerusalem, Judéa, Samaria, en tot die uiterstes van die aarde.

⁴⁵ In die howe, is daar twee soorte getuies wat sal standhou, dis, oog of oor. Nou, as jy in ’n kamer sit en deur ’n ruit kyk, en ’n ongeluk sien, jou getuienis, is jou woord niks werd nie, want jy het deur ’n ruit gekyk. Jy moet daar wees, naby, om regtig te weet waarvan jy praat, voor jy ’n getuie kan wees. Jy moet dit hoor, of jy moet dit sien, voor jy ’n getuie kan wees in ’n belangrike saak in die howe.

⁴⁶ Jy kan nie sê: “Mejuffrou *So-en-so* het vir my vertel, of Mnr. *So-en-so*, of Eerw. *So-en-so* het vir my vertel,” nie. Hý is ’n getuie, maar jy is nie.

⁴⁷ So, daarom, kan geen mens werklik getuig van die opstanding van Christus nie, net deur die Heilige Gees. Jy moet self ’n persoonlike getuie wees; daar te wees, iets daarvan te weet, weet waarvan jy praat.

⁴⁸ En God help ons om die dag te sien wanneer mense net sal wees wat hulle is. Julle weet, ek is. . . Ek sê dit nou met alle respek. Dis nie ons stad, vol kroë, wat ons skaad nie. Hier is wat ons skaad, meer as ooit, is mense wat bely om Christene te wees en nie so lewe nie. Dis die ding, sien. Hulle is nie ’n korrekte getuie nie.

⁴⁹ Hulle kan nie getuig voor hulle ’n ondervinding gehad het nie. En wanneer hulle ’n ondervinding het, dan word hulle outomaties ’n getuie, want hulle is wedergebore. “En al die dinge van die wêreld, ou dinge, het vergaan, en alles het nuut geword.” Dan word jy ’n getuie vir Jesus.

⁵⁰ Jesus het gewee, voor hierdie apostels ooit kon uitgaan en ’n korrekte getuie wees, dat hulle moes ondervind waarvan hulle getuig het. Sou dit nie goed wees, vandag, as elke kweekskool dieselfde ding gedoen het, as elke Christen dieselfde ding gedoen het nie? Net sou kerk toe kom en sê: “Nou neem ek Jesus aan as my persoonlike Verlosser. Ek gaan net hier bly totdat ek die doop van die Heilige Gees kry, en dan gaan ek uit om ’n getuie te wees.” Sien? Dinge sou anders wees. Dink julle nie so nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Ons sou nie daardie los, verspreide getuienisse hê nie.

⁵¹ Mense getuig en sê hulle is ’n Christen, en gaan uit en lewe ander lewens. En die ongelowige kom in en sien dit, hy sê: “Wel, kyk daar! Is dit hoe hulle. . .” En die duiwel sal hulle altyd uitwys, ook. Jy kan net daarop staatmaak. Hy is ’n sakeman. En moenie sy vermoë onderskat en sy sakesfere nie, want hy weet waaroor dit alles gaan.

⁵² Nou, voor jy ’n getuie kan wees, soos ek gesê het, moet jy iets weet. Jy moet regtig ’n getuie wees.

53 God het 'n getuie in die Ou Testament gehad. Een van die . . . Een van Sy eerste getuies was Noag. Noag was 'n getuie omdat hy die stem van God gehoor het, as 'n waarskuwing, dat, wat vir hom vertel het dat daar 'n vloed sou kom, en dat hy 'n ark moes bou. En voorbereiding van hierdie ark moes onmiddellik wees, en hy moes 'n plek voorberei vir die redding van die mense. Almal wat wou inkom, kon inkom. En hy was God se getuie.

54 Nou, die enigste ding wat hy geweet het, wat God vir hom gesê het, dat dit sou reën. Al het dit nog nooit op die aarde gereën nie, maar God het gesê dit sou reën. So as God gesê het dit sou reën, dan het dit beteken dit sou reën. So hy was 'n getuie van die Woord van God. En so is hy geroep, en hy het uitgegaan en 'n ark voorberei en goed gereed gekry, vir die reën, voor die reën ooit begin val het. Dan, daar's nog 'n getuie van God.

55 Daar was 'n paar mense eenkeer, die Jode; van die stam van Juda, waar hulle hulle naam gekry het. Omdat hulle nie volgens die opdragte van God wou wandel nie, nie Sy gebooie wou nakom nie, het God Koning Nebukadnésar geroep om in te kom en hulle gevange te neem, onder in die land van Babilon in. Baie van ons onthou die beroemde ou storie van hoe hulle hulle harpe aan die treurwilgerboom opgehang het, en hulle nie die liedere van Sion kon sing nie. Hulle hele oorwinning was daarmee heen, nie omdat God dit wou wegneem van hulle nie, maar as gevolg van hulle sonde, wat hulle verwyder het van God.

56 Dis die rede, vanaand, dat baie van die Christene nie die oorwinning het nie, is omdat hulle sondes hulle verwyder het van die seëning; afgesny, buite in 'n woestynplek, alleen. En ons harte hang aan die treurwilgerboom, omdat ons nie die liedere van die kerk kan geniet nie.

57 Ek onthou lank gelede, toe ons altyd hier ingekom het. Hulle sou *Onder By Die Kruis* speel, op die klavier, toe die klok gelui is, en ingekom het. Daar sou skaars 'n droë oog in die kerk wees, almal sou huil, stadig, die sagtheid. Ek hou net van die outydse manier; sag, soet, Krag van die Heilige Gees, vanbroke. Voor ons ooit enige vordering kan maak, moet ons eers gebreek word. Julle weet, soos die pottebakker, die profeet het afgegaan na die Potterbakker se huis, om gebreek te word, om weer hervorm te word. En julle weet, as daar geen gebrokenheid is nie, is daar geen hervorming nie. Jy moet eers gebreek word.

58 En hoedat, net soos die grond, as jy 'n oes gaan hê, Broer Wright, moet jy eers jou grond breek, dit alles stukkend breek. En dan jou saad plant, en dit sal opkom. Hang af van watter soort saad jy dan plant, terwyl dit gebreek is. So dan, terwyl die oeste is . . . grond oopgebreek is, is dit tyd om die saad te plant.

59 Dan, hierdie broers wat die beloofde land verlaat het, onder in Babilon in, weggevoer, omdat hulle sonde hulle verwyder het van God.

60 En ek is net outyds genoeg om te glo, vanaand, hierdie, dat wanneer die kerk of enige individu begin speel en flankeer met die wêreld, jy dieselfde ondervinding gaan hê; God verlaat, die Waarheid verlaat. En ek glo dit. Ek—ek weet dis die waarheid.

61 Ek is nou al twintig jaar lank in die bediening, en ek het allerhande soorte en klasse om die wêreld gesien. Maar ek sê julle, vriende, daar mag op julle neergesien word, maar ek hou van 'n outydsse, gebroke diens.

62 Iemand het verbygekom, eendag, en gesê, terwyl ek hier gepreek het, gesê: “Het daardie vrou . . . Billy, hoe kon jy preek, en daardie vrou wat daaragter gesit en snik, huil, ‘Amen’ skree het?”

63 Ek het gesê: “Miskien was dit hoofsaaklik hoekom ek gepreek het. Reg. Ja.” Ek het gesê: “As sy . . .”

64 Gesê: “Wel, dit sou my net omtrent doodgemaak het, as—as ek probeer praat het, en iemand wat so aangegaan het.”

Ek het gesê: “Dit het my nie seergemaak nie, broer. Dit het my aangemoedig.”

Hy—hy het gesê: “Was sy 'n vreeslike sondaar, of iets?”

Ek het gesê: “Nee. Sy was 'n Christen, gevul met die Heilige Gees.”

“En gehuil?”

65 Ek het gesê: “Ja. Die Bybel het gesê: ‘Hy wat aldeur loop en ween, sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra.’”

66 Amen. Dis reg. “Hy wat aldeur loop, en saai,” sien: “en—en ko- . . . en trane saai, sal sekerlik weer terugkom, en sy gerwe dra, met gejubel terugkom.” Laat eerste dinge eerste wees, opbreek, word oor gevorm; dan kom met gejubel. Amen. Goed.

67 Hierdie kinders van Israel het daaronder gekom, was onder 'n ander koning. Nie . . . Hulle eie koning is weggevoer saam met hulle. Hulle het onder 'n ander koning beland, 'n wrede koning, Koning Nebukadnésar. So eendag, het hy gesê, dat: “As enige mense . . .” Toe hy gemaak het, 'n groot beeld opgerig het buite in die veld, en gesê het, dat: “Elke persoon wat nie sou buig voor daardie beeld nie, in die vuuroond gegooi en verbrand moes word.” Wat 'n—'n ooreenkoms is gemaak, dat hierdie seuns, elkeen, verbrand moes word!

68 En daar was drie daaronder wat vorige antwoord op gebed gehad het, naamlik Sádtag, Mésag, en Abednégo. Hulle het hulle rûe op die beeld gedraai. En hulle het gesê: “Mag dit bekend wees aan u, O koning . . .”

69 Ek wil hê julle moet hierdie oplet. God wil hê Sy getuies moet streng wees; nie 'n getuie vandag, en lamsakkig môre nie.

70 Ek het 'n begrafnisdiens gepreek vandag, en dit sterk gemaak; iemand het vir my gevra om dit te doen, gesê: “Ek dink

meeste van die mense was sondaars; het nie Christus aangeneem nie.” Ek het gedink miskien het ek dit ’n bietjie te sterk gemaak.

71 En toe ek uitgegaan het, in die—die ondernemer se motor, het hy oorgereik en my op die skouer geklop, gesê: “Prediker, ek wil jou komplimenteer.”

Ek het gedink: “Uh-oh.”

72 Hy het gesê: “Dis hoe ek dink dit gepreek móét word.” Hy het gesê: “Ek hou nie van lamsakkige godsdiens nie.”

73 Ek het gedink: “Man, daar’s hoop vir jou.” Dis reg. Dis reg, waar jy dit regtig sit waar dit hoort. Dis presies reg.

74 Dan hierdie kinders van Israel, hierdie, Sádrag en Mésag en Abednégo, God se getuies.

75 God was nog nooit sonder ’n getuie nie. Hy het altyd . . . Nou hier wil ek hê julle moet hierdie baie goed begryp. God het nog nooit, op enige tydstep, nie ’n getuie op aarde gehad nie. Hy het altyd ten minste een man gehad waarop Hy Sy hande kon lê, sê: “Daardie is My getuie.” Dit het neergekom op een man, eenkeer; en Job was Sy enigste getuie; en Abraham in die—in die land; maar God het ’n getuie gehad. Iewers gaan iemand vir God getuig.

76 Nou, naderhand, wil ons uitvind wat ’n getuie, van hierdie dag, regtig is. Goed. Let op.

77 Hierdie manne, terwyl hulle soontoe gegaan het, het hulle geweier om die koning se vleis te eet, sy wyn te drink, en hulle het geweier om voor sy beeld te buig. Hulle was ’n egte, ware getuie van God.

78 Dan is daar partymaal ’n straf wat aan ’n getuie verbonde is. Partymaal, wanneer jy vir God getuig, moet jy ’n bietjie ly.

79 Jy onthou toe moeder vir jou vertel het jy kan nie by die huis bly, solank jy die Bybel gelees en aangegaan het nie? Of, party van die bure gesê het, of die kinders gesê het, by die skool: “Jy was ’n fanatikus,” of iets, omdat jy ’n ware getuie was? Onthou, by die werk, hoe al die manne vir jou gelag het omdat jy ’n ware getuie was? Sien? Hoe jy bespot is op straat, toe jy ’n getuie gegee het? Maar dis ’n egte teken van ’n regte, egte getuie. God wil getuies hê.

Nou party mense sê: “Ek getuig in die kerk.” Dis goed.

80 Maar, broer, laat jou Lig in die donker plekke skyn, waar dit regtig nodig is, buite in die lanings en paaie, in die kroëë, buite, buite op die straat. Oral waar jy is, laat jou Lig skyn as ’n getuie. Amen.

Let op, toe het die vurige beproewing gekom.

81 En elke mens wat sal getuig vir God, sal deur die vurige beproewings moet gaan. Is dit nie vreemd hoe God Sy mense lei nie? Baie vreemd.

82 Net nadat Jesus gedoop is, het Hy in die woestyn ingegaan, om deur die duiwel versoek te word.

83 Net nadat Israel uitgekóm het, onder die bloed, besny, die Heilige Gees wat hulle gelei het in die vorm van 'n—'n Lig, reguit na die Skelfsee toe. En daar, in 'n hoek vasgekeer, berge aan een kant, woestyn aan die ander; Farao se leër wat aankóm, en die Skelfsee wat hulle afsny. God het hulle reguit na daardie plek toe gelei. Hoekom? Om die eer te ontvang. Toe het Moses gebid; en God het vir hom gesê om reguit af te gaan na die Skelfsee, sy staf voor hom te hou. En soos hy geloop het, het die Skelfsee van een kant na die ander beweeg, regoor die Skelfsee. Hoekom? God se weg het deurgelei.

84 Sodra hulle daar deurgekóm het, reg in die Woestyn van Sonde in. Vreemd. God se weg het regdeur daardie groot versoeking daar gelei, toe hulle gemurmureer het teen God. Hulle het van daar af gegaan, van een murmurering na 'n ander, van een beproewing na 'n ander.

85 Soos die ou lied sê: “Party deur die waters, party deur die vloed, party deur diep beproewing, maar almal deur die Bloed.” Dis God se manier van lei, Sy getuïenisse, Sy getuïes, te lei.

86 Nou, toe dit tyd geword het, die toets, van die vuur. Sádrag, Mésag, en Abednégo, het gesê: “Ons God is in staat om ons te verlos uit die vuroond; maar in elk geval, as Hy dit nie doen nie, gaan ons nie buig nie, ons gaan as 'n ware getuie sterf.”

87 Ek hou daarvan. Ek hou van daardie ou moed. Soos ou Buddy Robinson, hy het gesê: “Here, gee my die ruggraat soos 'n houtstomp.” Dis die soort getuie om te wees. Moed! God hou daarvan dat ons dapper moet wees.

88 Hy het vir Josua gesê, voor hy oorgegaan het, gesê: “Wees baie dapper, want die Here jou God is met jou waar jy ook al gaan.”

89 Jy sê: “Wel, as God vir my kan sê soos wat Hy vir Josua het, sal ek ook 'n bietjie moed hê.”

90 Hy het vir elke gelowige dieselfde ding gesê. “Ek sal met jou wees, altyd, selfs tot aan die einde van die wêreld. Ek sal jou nooit begewe of jou verlaat nie.” Dapper! Kom ons gaan neem dan die belofte. God het vir ons die belofte gegee. Laat ons 'n ware getuie wees.

91 So hulle het die vuroond sewe keer warmer verhit as wat dit ooit voorheen verhit was.

92 Dis wat die duiwel doen. En, broer, hy doen niks halfpad nie. Hy stoot alles wat hy het, reg in jou in. Maar, dank God, God het ook 'n bietjie terugstootwerk wat Hy Self doen. Dis reg. Goed. Kyk na Hom. So hy het gesê . . .

93 Nou let op. Ek kan sien hoe Koning Nebukadnésar langs die groot vuroond gaan sit, en die rook, die lug was rooi.

94 Ek kan my verbeel, dat daar heelnag lank 'n biduur aan die gang was. Julle weet, as jy voor 'n toets te staan kom . . .

95 Hier is dit. Dis die probleem met die kerk vandag; julle maak staat op julle eie sintuie en vermoëns, in plaas van om dit na die Here toe te neem in gebed. Dis reg. Vandag begin ons om iemand iewers heen te stuur, wel, sê julle, ons sal gaan en 'n bietjie vergadering hou, en ontmoet en sê: “Ons moet *hierdie* doen, of *hiernat*oe gaan, of *daardie* doen.”

96 Maar die Bybel, in die dae voor hulle die apostels uitgestuur het, het hulle bymekaargekom en gevas en bid. En die Heilige Gees het gesê: “Sonder vir My Paulus en Barnabas af.” Die Heilige Gees! Julle let op, nie die mens se opinie nie; maar die Heilige Gees se leiding, bestuur. Amen. Let op.

97 Nou, biduur, heelnag, so hulle moes wys waarvan hulle gemaak was. En, broer, elke mens wat bely om 'n Christen te wees, een of ander tyd moet jy wys waarvan jy gemaak is. Die duiwel gaan jou jou hand laat wys.

98 Toe klein Tommy Osborn, baie van julle ken hom, gekom het, ek het op die stoep gesit. Hy het gesê: “Broer Branham, ek . . .” hy het gesê: “ek was in die diens. Ek het daardie maniak oor jou voete sien val.” Gesê: “Wat kan ek doen?”

99 Ek het gesê: “Nou, Tommy, moenie enigiets sê wat jy nie kan bewys nie. Die duiwel gaan jou jou hand laat wys daaroor. Ja, hy sal, en hy sal dit dadelik doen.” Ek het gesê: “Dan as jy dit nie kan bewys nie, weet jy wat kom. Dit sal 'n skande wees. So wees seker dat jy reg is, voor jy jou stelling maak.”

100 En dis ook reg, Christen. Wees seker dat, onder in jou hart, God jou afgesonder het van die dinge van die wêreld en jou 'n nuwe skepsel gemaak het, dan gaan sê jy vir die mense jy's 'n Christen. Totdat dit gebeur het, bly reg by die altaar en sterf totdat jy net so dood is as wat jy kan wees. Goed. Sterf totdat jy so dood is totdat jy nie eers kan . . . Wel, dis reg, dood!

Julle weet, ek dink, vandag, begrawe ons te veel lewendige mense.

101 Jy begrawe mense nadat hulle dood is. Is dit reg? Ja, meneer. Luister, broer, 'n dooie man sal nie met jou stry nie. Jy kan enigiets vir hom sê wat jy wil, hom allerhande name noem, hy sal nie 'n woord sê nie. Hoekom? Hy is dood.

102 En 'n man wat dood is in Christus, jy kan vir hom 'n drankie aanbied, jy kan vir hom *dit*, *dat*, of die *ander* gee, maar hy's dood. En hy is verberg in Christus, deur God, verseël deur die Heilige Gees. Amen. Dis reg. Nou, dan, kan hy nie daardie dinge doen nie, want hy—hy kan dit net nie doen nie. Dis teen sy natuur. Hy word 'n nuwe skepsel.

103 As jy 'n ou vark vat en was hom, en hom skrop, en sy toonnaels doen, en dit lipstiffie gee, en dit, al die nylons wat jy

wil, aantrek; laat dit gaan, dit sal reguit na 'n rolplek gaan en rol. Die skrop help niks. Dit het steeds die geaardheid van 'n vark.

104 En dan vat jy 'n lam en sit dit in 'n moddergat, dit sal skree totdat jy hom uithaal. Hoekom? Hy het die geaardheid van 'n lam.

105 Nou, die enigste manier om die vark uit die modder te hou, is om sy geaardheid te verander. Dis reg.

106 Dis die enigste manier om 'n Christen te maak. Laat sy geaardheid verander word, van 'n sondaar na 'n heilige. Sien? En daar's net een raad, dis die Heilige Gees. Dan is jy 'n getuie. Amen.

107 Nou let op. Ek wil hê julle moet hierdie goed begryp. Koning Nebukadnésar het die—die uitvaardiging gemaak dat hierdie mense verbrand moes word. En daardie môre het hulle gekom, hulle hande vasgemaak. Daar het 'n plank daar na bo gelei, 'n pad op na die bokant van die vuuroond, die groot vuuroond, oop. Hulle sou afgaan in die vuuroond in. En hulle het 'n dodemars begin. Hy het gesê: “Nou kyk, julle het nou 'n kans. As julle wil toestem, goed.”

108 Hulle het gesê: “Ons God is in staat om ons te verlos, maar ons gaan nie toestem nie.” Hulle was regte, ware getuies, tot aan die einde.

109 Hulle het begin opstap met die paadjie, opgegaan, die soldate wat hulle marsjeer het. Die intense hitte het so erg geraak dat dit net omtrent die soldate versmoor het. En toe, toe hy gereed gemaak het om hulle in die vuuroond te gooi, kan ek Sádtrag hoor sê: “Sê, jy seker jy is deurgebid?”

“Ja. Ek glo dis nou alles reg.” Goed.

110 En toe is selfs die soldate doodgemaak, diegene wat hulle ingebring het. En hulle het hulle gestoot. Net 'n paar tree, en hulle sou hulle in die vuuroond ingestoot het.

111 Nou, die heelyd wat daar iets op die aarde aangaan, gaan daar iets in die Hemel ook aan. Het nou 'n verskriklike prentjie hier, onder oorweging, van 'n gelowige wat oppad is na sy dood. Maar kom ons draai ons kamera, vanaand, na die Hemel. En terwyl dinge hieronder aangaan, gaan daar iets Daarbo aan. Ek kan God sien, die Seun van God, wat op die regterhand sit, en afkyk.

112 Ek kan 'n Engel hoor kom en sê: “Here, ek is Gabriël,” met sy groot swaard in sy hand, wat sê: “nou, ek, vanaf die dag wat U my geskep het, het ek aan U regterkant gestaan. Ek het presies gedoen wat U vir my gesê het om te doen. Het U afgekyk na daardie getuies, vanmôre? Hulle maak gereed om drie getuies te verbrand.”

Ek kan Hom hoor sê: “Ek het hulle heelnag lank dopgehou.”

113 “Laat ek afgaan.” Hy het gesê: “Ek sal ontslae raak . . . Ek sal die prentjie verander.” Ek glo hy sou dit kon doen.

114 Maar Hy het gesê: “Gabriël, sit net jou swaard terug in sy skede. Ek kan jou nie laat gaan nie.”

115 Dan sien ek hier aankom, aan Sy linkerkant, hier kom ’n groot, magtige Engel met die naam van Alsem. Hy beheer die water. En hy val plat neer voor Hom, en sê: “Here, het U afgekyk na daardie getuies? Wel, hulle maak gereed om hulle te verbrand vanmôre, omdat hulle getuig vir God.”

Sê: “Ja, Ek het hulle dopgehou.”

116 “Laat ek afgaan. Ek sal Babilon van die aardbodem afwas.” Ek glo hy sou dit kon doen. Hy het gesê: “U het my die sleutels gegee. En gedurende die tyd van die evolu- . . . of die wêreld voor die sondvloed, en ek het die hele ding gevloed, en dit afgewas vir U. Ek sal dieselfde ding doen, vanmôre, as U net—net vir my die wind sal gee.”

117 Ek kan Hom hoor sê: “Ja, Alsem, dis reg, jy kan dit doen. Ek—Ek weet jy kan dit doen, maar Ek kan jou nie laat gaan nie.”

“Hoekom, Here?”

118 “Staan hier oorkant aan My linkerkant, want Ek kan jou nie laat gaan nie. Ek gaan, Self. Ek het hulle heelnag lank dopgehou. Ek hou My getuies dop. Ek waak oor My Woord, ook, om Dit uit te voer. Ek kan jou net nie laat gaan nie. Want, Ek gaan, Self.”

119 Hulle is net omtrent een tree nou, om in die vuuroond in te gaan.

120 Is dit nie vreemd nie? God laat jou tot by die laaste tree van die pad kom. Lyk of Hy nie omgee nie; Hy net sit. Maar Hy hou jou dop. Ek dink aan toe Hy afgekyk het in Babilon. “Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy kyk na my.” Hy hou jou dop. Let op.

121 Dan kan ek Hom sien soos Hy van Sy groot Troon af opstaan. Sy priesterklere val van Hom af. En Hy het daar uitgekyk, en ’n yslike groot donderwolk het agter aan die noordekant gesit. Ek kan Hom hoor sê: “Kom hier, oostewind, westewind, noord, en suid. Ek wil julle bestuur, vanmôre.” Hulle het onder daardie donderwolk ingegaan en langs die—langs die Troon ingerol. En Hy het afgeklim op hierdie groot donderwolk, boontoe gereik en ’n gevurkte weerlig beetgekry en dit so geklap deur die lug.

122 En omtrent die eerste keer wat hulle daardie laaste tree gegee het, om daar in te gaan. Hy het afgekom by die Boom van die Lewe, of Stroom van die Lewe, en ’n groot palm afgebreek vir ’n waaier. En toe hulle daardie vuuroond getref het, was daar Een soos die Seun van God wat in hulle midde staan; wat die vurige winde wegwaai van hulle af, en soos hulle ’n lang tyd brand. Ware, egte getuies!

God sal by ’n ware getuie staan. Dis reg.

123 Toe, let op, toe al die hitte daar was, en die vuur gebrand het, het daardie koning se hart bekommerd geraak. Hy het gesê: “Gaan, maak oop die vuuroond, miskien, en kyk of daar enige as oor is.” En toe hulle die deur oopgeruk het, het hy opgespring, gesê: “Hoeveel het julle daar ingesit?”

Gesê: “Drie.”

124 Hy het gesê: “Ek sien vier. En die ander Een lyk soos die Seun van God.” Staan by Sy getuies.

125 God sal altyd by Sy getuies staan. Amen. Julle weet dis die waarheid. God sal ’n verskil maak, en sal staan by diegene wat vir Hom getuig.

126 Eenkeer was daar ’n kêreltjie met die naam van Dawid. Hy het eenkeer uitgegaan, om ’n paar rosyntjies weg te bring vir sy broers, wat in die oorlog was. En sy vader, Isai, het hom uitgestuur. Saul was die koning. Die Filistyne was aan een kant en die Israëliete aan die ander kant; ’n sloot tussen hulle, met ’n waterstroom wat daar vloei.

127 En soos die duiwel altyd maak, wanneer hy dink hy het die oorhand, broer, dan vryf hy dit regtig in.

128 So hy het ’n yslike groot kêrel daar gehad, omtrent sewe voet of agt voet lank, miskien ’n bietjie langer, miskien tien voet; yslike groot skouers soos ’n waenshuisdeur; groot spies en wapenrusting. En hy het daarbuite gestaan. Hy het gesê: “Nou laat ek vir julle sê wat ons sal doen. Ek’s die getuie hier oorkant, vir die Filistyne. Laat ons ’n getuie van daar oorkant af kry. En laat die leërs nie veg nie, maar laat ons uitkom en veg. En as ek hom doodmaak, dan sal julle almal ons dien; as hy doodmaak, dan sal ons julle dien.”

129 Sien hoe maak die duiwel? Wanneer hy dink hy het die oorhand, praat hy groot, spog, en gaan aan.

130 Saul, self sewe-voet, was bang om hom te gaan trotseer. En die leërs van Israel was verslaan, agter op die heuwels gestaan, oorkant toe gekyk.

131 Naderhand, hier het ’n ou kêreltjie opgekom, daar aangestap gekom. Klein, ou rooierige kêreltjie; nie baie groot nie; klein, maer, dun mannetjie. Maar daar het iets geklop onder daardie ou skaapvelbaadjietjie, wat die res van hulle nie gehad het nie. Hy het daar opgestap en vir sy broers ’n paar rosyntjies gegee en met hulle gepraat oor die oorlog.

132 Naderhand, het hierdie yslike groot reus uitgekom en sy uitdaging, net op die verkeerde tyd gemaak, gesê: “Wie sal teen ons kom veg?”

133 En Dawid het gesê: “Wie’s dié kêrel?” Gesê: “Wil julle vir my sê, julle sal daardie onbesnede Filistyn daarbuite laat staan en die leërs van die lewende God uitdaag? Kan ons nie iemand kry wat daar kan staan en getuig van die kragte van God nie!” Hulle

was almal bang. Hy het gesê: “Ek sal gaan.” Ek hou van daardie moed. “Ek sal gaan. Laat ek teen hom veg.”

¹³⁴ Wel, hy het nadergestap. Hulle het hom na Saul toe opgevat, en Saul het gesê: “Wel, daardie man is al ’n soldaat van sy. . . Wel, hy is al ’n soldaat van sy jeug af, en jy’s maar net ’n seun.”

¹³⁵ “Kyk!” Halleluja! Ek hou daarvan net hier. Dawid het gesê: “Kyk, u dienskneg. . .” vir Saul. “Die Here het my ’n beer laat doodmaak, met hierdie slingervel. Hy het my ’n bokkie uit ’n leeu se bek laat verlos en hom doodmaak. Ek het hom aan die baard gegryp en dit van hom afgevat. Ek’s ’n getuie.” Halleluja! Hy was iewers gewees. Hy het iets gesien. Hy het die Krag van God beproef, en hy was ’n getuie.

¹³⁶ Dis wat ons vandag nodig het, is nog ’n bietjie moed. Dis reg. Ja, meneer. Hy het gesê: “Ek’s ’n getuie van waarvan ek praat.” Halleluja! Dis wat die Kerk van die lewende God vandag nodig het, is ’n getuie wat by plekke was, iets gesien het, en weet waarvan hulle praat.

¹³⁷ Hy het gesê: “Ek’s ’n getuie van die Krag van God. ’n Beer het opgegaan en bokkie gegryp, en ek het hom doorgemaak.” Hy het gesê: “En ’n leeu het aangehardloop gekom en nog een gegryp. Ek het hom aan die baard gegryp en hom doorgemaak.” Hy het gesê: “En die God wat my gehelp het om die beer en die leeu dood te maak, sal Hy nie soveel te meer hierdie onbesnede Filistyn in my hande gee nie?” Halleluja!

¹³⁸ In die dae wat hulle sê: “Die dae van wonderwerke is verby.” Wanneer hulle sê: “Outydse godsdiens sal nie meer werk nie; dit was iets vir oupa en ouma.” Broer, ek’s bly, vanaand, dat daar ’n paar getuies is van die outydse Heilige Gees, blou-lug, sonde-uitwissende godsdiens, wat die einste geaardheid en die Adamse kragte van die duiwel doodmaak, en jou hart skoon kan wees. Halleluja! O! ’n Getuie! So, o, goeiste! [Gemeente juig—Red.]

Sê: “Die mense raas te veel.”

¹³⁹ Wel, hulle het iets om oor te raas. Sekerlik. Luister, ek sal aan julle bewys dat die Bybelgodsdiens altyd luidrugtig was. Ja. God het vir Job vertel, gesê: “Waar was jy toe. . .” Job het gedink dat hy ’n groot man was. “Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het?”

¹⁴⁰ Iemand het, nou die dag, gesê: “Broer Billy, preek jy nogsteeds van daardie nuwe soort godsdiens wat jy gekry het?”

¹⁴¹ Ek het gesê: “Nee, meneer. Ek preek die oudste godsdiens wat daar ooit was, en die enigste een wat daar eintlik is, en verlossing daarin het.”

¹⁴² “Sommige daarvan, daardie nuwe soort,” gesê: “ons het dit nie hier gehad ’n paar jaar gelede nie.”

Ek het gesê: “Laat ek vir jou vertel, broer, Dis ouer as wat die wêreld is.”

143 Dis reg. “Job,” het gesê: “waar was jy toe Ek die aarde gegrond het, toe die môresterre saam gesing het en die seuns van God gejuig het?” Miljoene jare voor die grondlegging van die wêreld! Amen! Sjoel Dis reg. Getuie! [Broer Branham klap sy hande een keer.]

144 Tog, toe Aäron, die groot priester, toe hy in die Allerheiligste ingegaan het, die bloed gedra het, moes hulle hom op 'n sekere manier aantrek, en hy moes op 'n sekere manier loop. Hy moes 'n getuie van God wees. En hy het die bloed gevat en hy het vorentoe gegaan. En aan die some van sy kleed, aan die onderkant, was 'n klokkie en 'n granaat; 'n klokkie en 'n granaat. En hy moes so loop dat dit gespeel het: “Heilige, heilig, heilig, is die Here.” Praat van heiligheid! En die rede waarom daardie klokkie gelui het teen die granaat, was die enigste manier wat hulle geweet het dat God hom nie doodgemaak het nie. Die enigste manier wat hy geweet het hy was lewendig, wanneer hy daaragter was, hulle kon luister en die klokkie hoor, die geraas hoor.

145 Broer, ek sê jou, ons het 'n paar granate en klokkes nodig wat teen mekaar slaan, vanaand, soos daardie, met 'n gejubel tot die Here, as 'n getuienis. God lewe en regeer steeds! Amen! Reg! Watter soort getuienis? Daardie getuies soos wat opgeklim het in daardie bo-vertrek, daarbo, en die doop van die Heilige Gees gekry het. Hulle het 'n granaat en die klokkie bymekaar laat kom. Hulle het gesteier soos dronk mense, onder die impak van die Heilige Gees. God het steeds getuies, en hulle is dieselfde ding. “Julle sal My getuies wees van hierdie Krag, in Jerusalem, Judéa, en Samaría, en Jeffersonville, Indiana.” Amen! Halleluja! Let op!

146 Dawid het gesê: “Wil julle vir my sê daardie onbesnede Filistyn,” met ander woorde: “onchristelike, daardie man wat nie. . .”

147 Wat is besnydenis? Daardie man daarbuite met die Heilige Gees.

148 “Met al sy D.D.'s, kan staan en die lewende God uitdaag?” O, goeiste! “Hoe kan hy dit doen?” Gesê: “Hy's onbesnede.”

149 Nou is ons besny deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees is ons besnydenis. En julle wil vir my vertel julle laat hierdie Doktore van Godsgeleerdheid, en Ph.D., en D.L.D., en dubbel D, daarbuite staan en vir ons vertel dat “outydse godsdienis nie reg is nie”? Wanneer, die doop van die Heilige Gees bewys dat Dit reg is. Sê: “Mense sal nie kom nie.” Ja, hulle sal. Amen.

150 Ou Johannes die Doper, toe hy begin preek het, was hy die grootste prediker van die hele eeu. Hy was 'n baie eenvoudige man. Hy het in die woestyn ingegaan op die ouderdom van nege jaar oud. Hy het nie 'n Ph.D. gekry nie. Maar wat het hy gedoen? Hy het nie uitgekom met sy omgedraaide kraag, of— of die *Doksologie* geken, of die *Apostoliese Geloofsbelydenis*

nie. Maar hy was God se getuie. Toe hy uit die woestyn van Judéa uitgekom het, het hy so 'n Evangelie verkondig, met 'n ou skaapvel om hom gedraai, soos *hierdie*.

O, goeiste! Maar hy het 'n beroering gebring in al die streke rondom Jerusalem, en Judéa, en rondom die Jordaan. Hoekom? Hy het Christus verkondig; nie 'n geskiedkundige saak nie, maar in 'n teenswoordige gebeurtenis, huidige feit. Halleluja!

¹⁵¹ Vandag preek ons geskiedenis, regoor die wêreld, en die opstanding van Christus. Maar wat van jou as 'n individu, in jou hart, het hy opgestaan in 'n nuwe Lewe? Het die ou lewe gesterf?

¹⁵² Dawid het gesê: “Gaan julle daardie onbesnede Filistyn daarbuite laat staan en sulke dinge laat sê? Wel,” het hy gesê: “ek sal teen hom gaan veg.”

¹⁵³ So, die eerste ding waarvan jy weet, het Saul gesê: “Wel, as jy vasbeslote is om te gaan, sal ek vir jou my—my wapenrusting gee. Ek sal vir jou my skild, my helm en my swaard gee.” O, goeiste!

¹⁵⁴ Luister. Toe klein Dawid daardie yslike groot ding gekry het. . . Verbeel jou, skouertjies soos *daardie*; en daardie skouers op daardie skild, omtrent soos *daardie*, van daardie borsplaat. Hulle het dit aangetrek, die arme kêreltjie kon nie loop nie.

¹⁵⁵ Luister. Ons het uitgevind dat 'n kerklike skild nie 'n man van God sal pas nie. Dis reg. Al julle teologie sal nie die Krag van God pas nie. Julle het nie teologie nodig nie. Julle het nie opvoeding nodig nie. Wat julle nodig het, is 'n hart wat oorgegee is, aan die Woord van God, om 'n ware getuie te wees.

¹⁵⁶ Dit sal nie 'n man van God pas nie. Hy het gesê: “Haal hierdie ding van my af. Ek het nie jou Ph.D. nodig nie.” Amen! Gesê: “Ek's 'n getuie!” Van wat? Gesê: “Ek het nog nooit hierdie soort goed beproef nie. Ek weet niks van jou teologie af nie. Laat ek gaan, op die manier wat die Here my verlos het van die leeu en die beer.”

¹⁵⁷ Dis wat ek vandag sê, broer. “Moenie my laat gaan met een of ander sielkunde nie, maar laat my gaan met die outydse doop van die Heilige Gees wat my uit die mond van die Baptis geneem het en my verlos het. Laat my so gaan.”

¹⁵⁸ “O,” het hy gesê: “ek kan nie gaan met al hierdie wat ek nog nooit probeer het nie. Ek weet niks daarvan nie. Hoe sou ek weet om te staan en al hierdie geloofsbydenisse en alles soos daardie te herhaal? Ek weet niks daarvan nie.” Gesê: “Haal die ding van my af.”

¹⁵⁹ So hulle het dit afgehaal. Hy het baie goed gevoel. Sy hand uitgesteek en sy slingervelletjie opgetel. Hy het gevoel om te hardloop. Jy weet hoe jy voel wanneer jy jou slingervel in jou hand het. Hy het soontoe gekyk.

En Góliat het gesê: “Wat gaan jy daaraan doen?”

¹⁶⁰ Dawid het gesê: “Ek kom.” Amen. Sy slingervelletjie opgetel, onder oor die spruitjie gehardloop en vir hom ’n vyf klippies opgetel. Een van hulle daarin gesit, dit geswaai in sy hande.

¹⁶¹ En Góliat het gesê: “Wil julle vir my sê dat daardie klein holy-roller, of, julle weet, daardie kêreltjie sonder ’n gele- . . . of wat hy ook al is, wat daar kom om my te ontmoet?” Hy het gesê: “Ek, met al my grade en al, wel, ek kan nie eers my tyd spandeer met hom nie. Praat van Goddelike genesing, praat van die Krag van God, praat van verlossing; kan nie eers my tyd met hom spandeer nie.” Maar hy was ’n getuie van waarvan hy gepraat het.

¹⁶² As ’n man of vrou ooit ’n getuie is van waarvan hulle praat, moenie bekommerd wees nie, hulle sal tyd moet spandeer, want varkslagtyd sal aanbreek, die skraapplanke sal uitgehaal wees. Dis reg. Ja, meneer. Goed.

¹⁶³ Hy het daardie ou klippie onder in daardie slingervel gesit. Hier het hy gegaan, oor die stroom en bo-oor die heuwel, gehardloop om dit te trotseer.

¹⁶⁴ “Wel,” het hy gesê: “kyk!” Hy het gesê: “Jy ontmoet my as ’n. . .” Hy het gesê: “Wel, jy, ek sal jou op die punt van my spies optel,” waarskynlik dertig of veertig voet lank. Gesê: “Ek sal jou daar optel en ek sal vandag jou vlees vir die voëls voer, om te eet.”

¹⁶⁵ Kyk na Dawid, ’n getuie nou. Hy het geweet waarvan hy praat. Die opposisie was teen hom. Dit was beslis teen hom. Maar hy het geweet hy het. . . Hy was ’n getuie. Hy het geweet waarvan hy praat.

¹⁶⁶ So hy het gesê: “Jy ontmoet my as ’n Filistyn, in die naam van ’n Filistyn, met ’n wapenrusting en ’n spies. Maar ek sal jou ontmoet in die Naam van die Here God van Israel.” Amen. Dis die verskil. [Broer Branham slaan vier keer op die preekstoel—Red.] Dis wat die verskil gemaak het. En hy het gesê “vandag” sou hy “doodmaak.”

Wel, die reus het vir hom gelag, en gegaan om hom dood te maak.

¹⁶⁷ Klein Dawid begin. Toe hy omtrent in die slingervel-gooi was, het hy gehad. . . Kyk, hy het vyf klippies gehad, J-e-s-u-s, toegevoeg in vyf vingers, g-e-l-o-o-f. [Eng. “f-a-i-t-h”—Vert.] Broer, hy het die ding reg laat werk, om-en-om-en-om.

¹⁶⁸ En wanneer jy geloof kry in Jesus Christus, wat werk in ewigdurende beweging in jou siel, gaan iets plaasvind. Sonde en siekte sal van jou wyk; duiwels sal skarrel soos kakkerlakke op ’n vloer in die somer, wanneer die ligte aangeskakel word.

¹⁶⁹ Hier kom hy, g-e-l-o-o-f in Jesus. Hier kom hy: “Ek ontmoet jou in die Naam van die Here God van Israel,” en het begin om daardie slingervel rond te swaai, die Heilige Gees het daardie klip reguit opgeskiet na daardie Filistyn en hom doodgemaak.

Dawid het sy eie swaard geneem en sy kop afgekap, dit opgehou, gesê: “Komaan, manne!” Gesê: “Hier is dit. Ek het vir julle gesê God sou dit doen.” Halleluja!

170 Hy was ’n getuie. Hy het geweet waarvan hy praat. Hy het dit probeer. Hy het dit bewys. Hy het niks geweet van die wapenrusting en die spies nie, maar hy het geweet wat hy in sy hand gehad het. God was met hom.

171 Ek weet nie, ons weet nie, van al jou yslike groot idees en sulke dinge nie. Maar ons weet wel wat die Heilige Gees is, en ons weet wat Dit vir ons doen, so ons wil ’n getuie wees. Nou jy moet Dit eers gaan kry, voor jy ’n getuie kan wees.

172 Daar was eenkeer ’n kêrel, met die naam van Elía. God was met hom. Hy het God gesien, in groot beproewings, hy het God dinge sien doen. So hy het sonde oor die volk sien kom, so hy het gesê: “Nou net ’n oomblik.”

173 Hy het daar opgegaan en gebid, en God het hom ’n getuienis gegee. Hy het gesê: “Nou gaan jy ondertoe en sê vir die koning dat nie eers dou sal val as Ek nie . . . as jy nie daarvoor vra nie.”

174 Hy gaan ondertoe en sê dit vir die koning. Daar opgegaan, en gaan sit. Hy . . . en daar . . .

175 En kan jy jou voorstel? Ek kan sommige van die mense hoor sê: “Daardie ou man is van sy kop af. Sien? Tog, hy sê daar gaan geen reën val tot hy daarvoor vra nie.”

176 Maar hy was God se getuie. (Sien?) Hy het geweet waarvan hy praat. Hy het geweet wat God sou doen, want God hou altyd Sy Woord. En Elía het dit geweet. So, hy het geweet God het vir hom gesê dit sou nie reën nie, so hy het gegaan en gesê dat dit nie sou reën nie.

177 As God gesê het, as jy die doop van die Heilige Gees kan ontvang, gaan kry Dit dan. Wanneer God sê genesing is vir jou, gaan kry dit dan. As jy ’n getuie is, gaan voort, getuig vir Hom. God het dit belowe; Hy kan nie lieg nie. Maak nie saak wat hulle sê nie: “Die dae van wonderwerke is verby,” dit, laat dit net gaan. Dis God se Woord wat ons vat, nie iemand anders s’n nie.

178 Ek kan sien, voor jy jou kom kry, hier kom ou Elía, daar opgegaan.

179 En hy het gesê: “Kyk nou na daardie ou malle! Hy het opgegaan, bo-op die heuwel daar, en gaan sit langs daardie spruitjie, Krit. Wat ’n jammerlike gesig, daardie ou man daarbo; lang, grys wangbaarde. En hy’s omtrent sewentig jaar oud, en ’n stok in sy hand. ’n Flessie olie; wel, hy sal van die honger doodgaan, daarbo.”

180 Maar, naderhand, het die droogte gekom, en begin aanbeweeg. En julle weet, daardie mense daaronder, wat gedink het hy is mal, hulle het opgelet dat hy drie etes per dag geëet het daarbo, ’n lekker tyd gehad het. Ja. Hy het beter gevaar as baie

mense hierbinne vanaand. Hy het 'n paar kruiers gehad. Dis reg. Die kruiers het verbygekom, kraaie het elke dag verbygekom, en toebroodjies vir hom gebring, dit vir hom gegee vir sy ontbyt.

¹⁸¹ 'n Kêrel het onlangs gesê, nie lank gelede nie, gesê: “Prediker, bedoel jy jy glo dit?”

Ek het gesê: “Ja, meneer.”

Hy het gesê: “Wil jy vir my sê jy glo dat hy geëet het?”

Ek het gesê: “Ja, hy het dit gedoen.”

“Hoe doen jy . . . Waar het hy die vis gekry?”

Ek het gesê: “Ek weet nie.”

“Waar het hy die brood gekry?”

Ek het gesê: “Ek weet nie.”

Gesê: “Dink jy hy het na 'n bakkerij toe gegaan?”

¹⁸² Ek het gesê: “Ek kan jou nie sê nie. Maar, die enigste ding wat ek weet, die kraaie het dit gebring. Hy het dit geëet, was dankbaar daarvoor, en het gedoen wat God vir hom gesê het om te doen.”

¹⁸³ Dis net soos met die doop van die Heilige Gees. Julle sê: “Wat laat daardie mense skree?” Ek weet nie. “Wat bedoel julle?” Dis Manna wat van God af kom, uit die Hemel. “Bedoel jy jy voel werklik iets? Ek glo dit nie.” Wel, jy hoef nie. Die Heilige Gees bring Dit. Ek eet Dit net, en bevredig, en skree en het 'n lekker tyd. Laat die wêreld gaan en glo wat hulle wil. Die Heilige Gees! “Maar waar kry Hy Dit? Waar kom die Manna vandaan? Waar kom enigiets uit die lug uit, wat jy nie kan sien nie?” Ek weet nie, maar Dit kom hier. Amen.

¹⁸⁴ Is jy 'n getuie Daarvan? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Het jy geproe, die Here is goed? [“Amen.”] Weet jy waarvan jy praat? [“Amen.”] Die doop van die Heilige Gees is net so 'n werklikheid, vanaand, as wat jou lewe is, Krag van God vir verlossing. Dis beslis goed.

¹⁸⁵ Hy het daar gesit en eet. Toe hy gereed was om te drink, het hy net oorkant na die spruitjie toe geloop en gedrink, dit was al. En hulle het gedink hy was mal. Nee. Hy was God se getuie. Dis reg.

¹⁸⁶ En voor jy jou kom kry, toe die spruit opgedroog het, het Hy gesê: “Ek het nou 'n weduwee voorberei om vir jou te sorg.” Goeiste, wat 'n plek vir 'n prediker om na toe te gaan, na 'n weduwee se huis toe! Maar God het gesê: “Ek—Ek het dit voorberei.” So hy gaan soontoe. Hy moes 'n getuie daaronder wees. So hierdie weduwee . . .

¹⁸⁷ So hy gaan soontoe, en hy het in die pad afgeloop. Volgens die visioen, was hy veronderstel om 'n vrou op die werf te sien, veronderstel ek. Hy het 'n vrou op die werf gesien, hy het gesê: “Dis sy, so ek sal net verbyloop.”

188 Hy het gesê: “Gaan, bring vir my water om te drink, en ’n—’n stukkie meel, of—of ’n koekie,” liewer, “in jou hand.”

189 Sy het gesê: “So waar as die Here leef, en u siel nooit sterf nie,” gesê: “ek het net genoeg meel in die pot, en genoeg olie in die kruik, om een koekie te maak. En ek is hierbuite aan die bak . . . om twee houtjies te kry. En,” gesê: “en ek gaan die koekie vir my en my seun maak. En, sodra ons dit geëet het, sterf ons.”

Hy het gesê: “Gaan, bring eers vir my ’n koekie.” Amen.

190 “Soek éérs die Koninkryk van God.” Het julle al ooit gesien dat dit die waarheid is? Plaas God eerste. Betaal jou tiendes, eerste. Betaal alles, eerste. Betaal God. Bid eerste, in die oggend. Bid, regdeur die dag. Gee God die eerste plek in alles. Jy sal ’n getuie wees.

Sy hardloop reguit in. Sy het twee houtjies gehad.

191 Op die ou oosterse manier, het hulle twee houtjies gebruik. Dit was twee houtjies, so oorkruis, en die vuur was in die middel. Die Indiane gebruik dit nogsteeds, en hulle skuif die stompe nader soos hulle brand. Dit was die kruis, Christus, waar die vuur in die middel was.

192 Hulle het ’n bietjie van die meel-offer geneem, daardie gemaalde meel geneem, alles net dieselfde gemaal: “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.” Die olie ingegooi, wat die Heilige Gees was. En Dit gemeng, die Heilige Gees en Christus; gaan nou een of ander roosterkoek maak, broer! Amen. O! [Leë kol op band—Red.] Moenie dink ek’s mal nie. Ek’s net godsdienstig, vanaand. Goed.

Let op: “Maak eers vir my ’n koekie.”

193 So hy het die meel-offer geneem, Christus, die Heilige Gees daar ingegooi, en dit gemeng, en dit op die kruis gesit en dit gaargemaak. O, broer, praat van ’n koekie, dit was een van hulle!

194 Uitgekom, en die roosterkoekie gebring, en die laaste waterdruppel wat sy gehad het. En die profeet het dit daar gestaan en eet, en die water gedrink. Gesê: “Gaan nou terug en maak een vir jou en jou seun. Want, SO SPREEK DIE HERE, die pot sal nie leeg word, of die kruik opdroog, tot die dag wat God reën op die aarde stuur nie.”

195 Wat? ’n Getuie. Dis reg. Daardie weduwee was ’n getuie in die land.

196 Nadat daardie groot profeet geneem is, en Elía geneem is; sy plek, het Elisa Elía se plek ingeneem.

197 O, ek kan my hierdie soort getuie voorstel. Eendag, het hy vertrek, en hy het Elía gesien. En hy het sy mantel oor hom gegooi, en hom geseën en hy het die os doodgemaak en ’n offer gebring, om te wys dat al die dinge van die wêreld dood, en agter hom was.

198 Dis die manier om na God toe te kom. Maak alles dood agter jou. Verbrand al die brûe. Moenie die bottel bêre dat jy dit weer môre kan vind nie. En moenie hierdie ander ding bêre sodat jy dit môre kan vind nie. Raak ontslae van die ding; verbrand dit. Amen. Wees 'n ware getuie. Kom uit, broer, kaalvoet. Dis hoe. Verskoon daardie uitdrukkings, maar dis al hoe ek weet om dit te sê. Goed, so nou julle—julle . . . Dinge gaan gebeur hierrond. Goed. Let op.

199 Toe het hy vertrek van Gilgal af, en hy het na die skool van die profete toe gegaan. En ek wil hê julle moet oplet, toe hy daarbo by die skool van die profete gekom het, het hy gesê: “Die Here lei my na die Jordaan.”

200 Drie stadiums wat Elisa vir Elía gevolg het. En Elía was 'n tipe van Christus; Elía. Elisa, die tipe van die Kerk. “Ek gaan op na Gilgal,” eerste, regverdigmaking deur geloof. En toe het hy gesê: “Nou bly jy hier,” vir die Kerk. Elía, Elisa; vir Elía . . . Die jong en die ou profeet, 'n tipe van Christus en die Kerk.

201 Hy het gesê: “So waar as u siel leef, ek sal nie hier bly nie, maar ek gaan saam met u.”

202 En hy het opgegaan na Gilgal. En toe hy daar kom, het hy gesê: “Bly jy nou hier. Die Here roep my daar bo na die skool van die profete toe.”

203 So hy het gesê: “So waar as die Here leef, en u siel nooit sterf nie, ek gaan saam met u. Ek sal u nie verlaat nie.”

204 Dis die Kerk. Sien? Hou jou oë op Jesus. Waarheen Hy ook al beweeg, gaan. As Hy uit die Metodiste kerk uitgaan, gaan reguit saam met Hom uit. Hy uit die Baptiste kerk uitgaan, gaan reguit saam met Hom uit. Hy uit die Branham Tabernakel uitgaan, gaan reguit saam met Hom uit. “Ek sal u nie verlaat nie! Maak nie saak waaraan mamma behoort het, waaraan pappa behoort het, waar *hierdie* gebeur het, of iets anders nie; ek sal saam met U gaan. Ek sal U nie verlaat nie!” Halleluja! “Ek is U getuie. Ek kan nie gaan nie; U is deel van my.”

205 “Kom aan, en ek sal volg.” En hy gaan na die skool van die profete toe.

En hy het gesê: “Bly jy hier.”

206 En party van die profete het vir Elisa gesê, hy het gesê: “Weet jy dat jou meester wegeneem gaan word van jou?”

207 Hy het gesê: “Ek weet dit. Maar bly stil.” Amen. Ek hou daarvan. “Ek gaan reg by hom bly, maak nie saak wat die res van hulle sê nie.”

208 En Elía het omgedraai en gesê: “Nou bly jy hier, want God stuur my na die Jordaan toe.”

209 Drie plekke. Regverdigmaking, Gilgal; heiligmaking, die skool van die profeet; en na die doop van die Heilige Gees, by

die Jordaan, waar die Jordaan die dood verteenwoordig. Let op! Martin Luther; John Wesley; Pinkster, af na die Jordaan, uitsterf tyd.

²¹⁰ So, Elía, het reguit aangestap onder na die rivier toe, saam met Elisa. En toe hulle onder by die Jordaan, die dood, laaste stadium van die reis, gekom het; ou profeet uitgestrek en sy mantel uitgetrek, die waters geslaan, en die waters het dié kant en daardie kant toe oopgemaak, en die twee het oorgestap, was op droë grond. Die predikers het eenkant gestaan, en kyk hoe hulle oorgaan. Amen.

²¹¹ Toe hulle aan die anderkant gekom het, nou, nádat! O, ek hoop hierdie sink in die Branham Tabernakel in, reg tot by die murg van die been. Nie toe hy by Gilgal was nie; nie toe hy by die skool van die profeet was nie; ook nie toe hy aan hierdie kant van die Jordaan was nie; maar nádat hy die Jordaan oorgesteek het, hom elke tree van die pad gevolg het.

²¹² Jy's gewillig; sê jy: "Ek neem Jesus aan as my persoonlike Verlosser. Ek sal ophou met my slegte gewoontes." Maar kom af na die Jordaan, waar jy moet uitsterf; waar al die dinge van die wêreld, al jou vriende en alles, jou verlaat het. Hou jou oog op Hom alleen.

²¹³ Wat dan? Hy het gesê: "Ek gaan saam met u gaan, reguit aan deur die Jordaan." Amen. Ek hou daarvan. Hoekom? "Ek gaan 'n getuie hiervan wees," en hy het deur die Jordaan gegaan.

²¹⁴ Let op. Hier is dit. Ek wil hê julle moet dit begryp. Nadat hy oor die Jordaan gegaan het, toe het hy gesê: "Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?" Dis wat Christus by die kerk wil weet, vanaand. "Nadat jy jou afgesonder het van die dinge van die wêreld, nadat jy 'n nuwe skepsel in Christus Jesus geword het, nadat jy wedergebore is, gevul met die Heilige Gees, oor die Jordaan gegaan het, al die dinge van die wêreld dood is, agter jou; nou vra wat Ek vir jou kan doen." Ek hou hiervan.

²¹⁵ Hy het gesê: "Dat 'n dubbele mate van u Gees op my sal kom." Daardie prediker het geweet waarvan hy gepraat het. "'n Dubbele mate, want ek wil soveel meer getuig."

²¹⁶ Hy het gesê: "Jy het 'n moeilike ding gevra. Maar as jy my sal sien wanneer ek vertrek, sal dit wees. Wat jy gevra het, sal jy kry." Nou, broer, jy praat van 'n prediker wat die ander een dophou; hy het hom regtig dopgehou!

²¹⁷ Dis wat die Kerk behoort te doen vanaand, vir 'n dubbele mate van die Gees, is om Christus dop te hou, die Heilige Gees dop te hou, die manier wat Dit beweeg. Let op.

²¹⁸ Hy het gesê: "Jy het 'n moeilike ding gevra." Maar hy kon nie een oog op die wêreld hou en een oog op Elía nie. Hy moes albei oë net reguit op Elía hou, en hom volg.

219 Die probleem daarmee is, vanaand, ons het te veel Christenmense, belydende Christene, met een oog op die wêreld en die ander op die kruis. Jy sal val, so seker soos die wêreld. Laat jou oë gerig wees, laat jou hart gerig wees, laat jou gedagtes gerig wees. Amen. Broer, dit vryf in, maar dit maak seer, maar dis goed.

220 Ons, as kindertjies, ons moes altyd kasterolie drink, die heelyd. Mamma, daaragter, sy het my altyd kasterolie gegee, en ek sou my neus toedruk, en stik. Sy sou sê: “Skat, as dit . . .”

Ek sou sê: “Daardie goed maak my so siek!”

221 Sy sou sê: “As dit jou nie siek maak nie, help dit jou glad nie.”

222 So, miskien, is dit wat dit is. Miskien, die Evangelie, kan Dit op dieselfde manier toegepas word? As Dit jou nie in beroering bring nie, sal Dit jou glad nie help nie.

223 Hou jou oë op Christus. Bly voortgaan. Maak nie saak wat die wêreld sê nie. Bly voortgaan. “Hulle wat seuns van God is, word gelei deur die Gees van God.” Is dit reg? “Daar is daarom nou geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is, wat nie na die vlees wandel, of die dinge van die wêreld nie, maar na die Gees.” Geen veroordeling; aanstap. Let nou op.

224 En toe hy opgeneem is, naderhand het ’n Vuurwa afgekom, Elía opgetel, en hy het daarop geklim. En terwyl hy opgegaan het, het hy sy mantel uitgetrek, soos *hierdie*, en dit afgegooi, en dit het op die grond geval, toe die perde van . . . en Vuurwa hom weggevoer het.

225 O, ek wil hê julle moet hierdie nou begryp. Wat ’n pragtige tipe! Elisa, die jong profeet toe, die een wat sy getuie was, van al die krag wat hy gedoen het. Al die goed wat Elía gedoen het, Elisa was sy getuie. Toe het hy dieselfde mantel opgetel, dit oor sy eie skouers gegooi, begin afloop na die Jordaan; ’n perfekte, pragtige tipe. Afgeloop na die Jordaan, die mantel uitgetrek, dit in sy hande gehou, en die water geslaan. Gesê: “Waar is die God van Elía?” En die water het oopgegaan, van een kant na die ander. ’n Tipe van die Kerk wat Jesus gevolg het, Sy krag gesien het, Sy wonderwerke gesien het.

226 En Hy, is eendag gevra. Sommige het gesê, laat . . . Een vrou het gesê: “Laat my seun aan die regterhand sit, en een aan die linker.”

Hy het gesê: “Kan julle die beker drink wat Ek drink?”

Gesê: “Ja.”

“Kan julle gedoop word met dieselfde doop waarmee Ek gedoop is?”

Gesê: “Ja.”

227 Gesê: “Waarlik, jy sal; maar die regterhand en die linkerhand, is nie vir My. . .” Met ander woorde: “Dieselfde doop wat Ek het, sal julle ook hê.”

228 En toe die Kerk Hom dopgehou het, toe Hy na Pinkster toe gegaan het. . . Hy het na die bo-vertrek toe gegaan en Hy het die nagmaal gebruik. Na Gólgota toe gegaan, was gekruisig. En toe, toe die Kerk, uitgeroeptes, Hom dopgehou het, toe Hy na Sy hemelvaart toe gegaan het, opgevaar het. Hy het gesê: “Nou gaan Ek julle in al die dele van die wêreld instuur, om ’n getuie van My te wees. Maar voor jy gaan, wag daarbo by die stad van Jerusalem; want, hierdie selfde Heilige Gees mantel wat op My is, gaan afkom op julle. Ek gaan Dit terugstuur.” [Broer Branham slaan drie keer op die preekstoel—Red.]

229 En hulle het opgegaan na die stad van Jerusalem, halleluja, en is daar gedoop met dieselfde Heilige Gees wat op Jesus Christus was. Halleluja! “Dan is julle My getuies, as Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.”

230 En dieselfde Heilige Gees wat op die profeet Elisa, Elía was, was op Elisa in ’n dubbele mate. En ons, vanaand, as ’n kerk van God, broer, suster, wat aanspraak maak om die rand van die salige beker van Sy seëning te gesoen het, met die doop van die Heilige Gees wat op ons geval en ons omhul het, ons gedoop het in Sy Gees, en uitgaan as Sy getuies. Hoe kan ons stilbly in ’n dag soos hierdie, wanneer korrupsie en dinge aan elke kant is! Laat ons staan en getuig van die Waarheid. Amen. Wonderlik! O, goeiste!

231 Ek moet ophou. Ek voel of ek net nou kan begin preek, reken ek. Ek—ek begin net goed voel.

232 Die mantel, ’n dubbele mate! Jesus het gesê: “Die dinge wat Ek doen, sal julle ook, en groter;” meer daarvan, ’n dubbele mate. “Julle is My getuies nadat julle die dubbele mate ontvang het.” Kom ons hou Hom dop. Hou julle oë op Hom. Die mantel is afgegooi. Die mantel is hier, vanaand. Daardie selfde Heilige Gees wat op Jesus Christus was, is in hierdie kerk, vanaand, om enige gelowige wat hierbinne is, te beklee met Krag van Omhoog. Dan sal julle Sy getuies wees, in Jerusalem, Judéa, Samaria, Suid-Afrika, Asië, waar julle ook al gaan. “Dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.”

“Wag julle!” Geen wonder Filippus kon ondertoe gaan en preek nie!

233 Geen wonder, toe hulle die kêreltjie, Stéfanus, gestenig het, en hy opgekyk het in die Hemel; die kluite wat hom teen elke kant van die kop getref het, sy breintjie uitgeslaan het teen die grond. Hy het opgekyk en gesê: “Kyk, ek sien die hemele geopen, en Jesus wat aan die regterhand van God staan.” Hy was ’n getuie.

234 Geen wonder, Paulus, Saul, op sy pad daarnatoe, is sy oë verblind toe 'n Lig voor hom geval het. En hy het gesê: “Wie is dit, Here, wat ek—wat ek vervolg?”

235 Hy het gesê: “Jesus.” En Hy het gesê: “Gaan onder na die straat wat Reguitstraat genoem word.”

236 En Hy het 'n prediker daaronder gehad, wat visioene gesien het, so hy...met die naam van Ananias. En Ananias het 'n visioen van Paulus gesien. En hy het ingegaan en hande op hom gelê, en gesê: “Broer Saul, die Here Jesus Wat jou op die pad ontmoet het, het my gestuur sodat ek my hande op jou kan lê, dat jy jou sig sal ontvang en gevul kan word met die Heilige Gees, want Hy het vir my gewys dat jy 'n groot getuie vir Hom moet wees.”

237 'n Getuie! Eers, wat? “Ontvang jou sig, en ontvang die Heilige Gees.” Die skille het van sy oë afgeval. Hy het opgestaan en afgegaan na die Damaskusrivier, is gedoop. Ek stel my voor hulle het 'n tyd daaronder gehad! En julle? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

238 Daar was Saul op die pad, wat afgaan, met opdragte in sy sak: “Om al daardie klomp holy-rollers te arresteer,” dis reg: “wat nog dreiging geblaas het.” God het hom van sy hoë perdjie laat afval. Hy het hom 'n getuie gemaak van wat daardie mense gehad het. O, goeiste!

239 Ek wonder of mense, vanaand, wat nogsteeds op hierdie hoë perdjie ry, vanaand, nie behoort af te val, en 'n getuie te wees nie.

240 Ek het dopgehou in die oggend, wanneer die dou uit die hemel sou val. En julle hou dit dop wanneer die son opkom, daardie doutjie, kyk hoe dit glinster nes 'n sterretjie. Wat is dit? Dis 'n getuie. Dit weet, sodra daardie son opkom tot by 'n sekere plek, soos *hierdie*, wanneer dit opkom tot by 'n sekere plek, gaan dit weer op. Daardie vog sal reguit opgaan. Hoekom? Dit was eenmaal daarbo, en dit het net afgeval. Dit gaan weer op. Dis 'n getuie van hierdie sonlig, om dit op te trek. Dit was iewers. Dit weet waaroor dit alles gaan.

241 En elke man en vrou wat gebore is uit die Gees van God, is 'n getuie van die opstanding van Jesus Christus. Hoe God 'n paar getuies vanaand nodig het! “Gaan in die hele wêreld in en getuig van My, in elke geslag, aan al die mense. Ek sal altyd met julle wees, selfs tot aan die einde van die wêreld.” Mag die Heilige Gees hierdie paar woorde diep in julle siel insink. “Julle sal Krag ontvang nadat hierdie, die Heilige Gees, op julle gekom het, en dan sal julle 'n getuie van My wees, in Jerusalem, Judéa, en tot aan die uiterstes van die wêreld.”

242 Terwyl ons ons hoof buig; suster, sal jy na die orrel toe kom? Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik, oral, in gebed. Almal net so eerbiedig as wat julle nou kan wees. Wees in gebed, terwyl die altaar-oproep gemaak word. Die Heilige Gees is elke aand

hier, om Goddelike salwing te gee, 'n getuie van die opstanding van Jesus Christus.

243 Wonder, vanaand, of jy hier is en graag 'n getuie van die Here se Opstandingskrag wil word? Jy nog nooit vertoef het totdat jy toegerus is met Krag nie? Wil jy graag onthou word in 'n woord van gebed? God seën jou. God seën jou. Hande op, oral, oor die gebou. O, goeiste! Dis wonderlik.

244 “Geseënd is hulle wat honger en dors, om geregtigheids ontwil, want hulle sal gevul word.”

245 Is daar enigiemand in die gebou, vanaand, wat Christus nog nooit as persoonlike Verlosser aangeneem het nie, sou sê: “Broer Branham, deur my opgeligte hand. . . Die altaar is nou volgepak met mense hier, maar ek gaan my hand oplik, sê, bid vir my. Ek's 'n sondaar. En ek—ek wil God nou hier my hand laat sien, dat ek Hom wil aanneem as my Verlosser?” God seën jou, dame. God seën jou, meneer. God seën jou, dame. God seën jou. Iemand aan my regterkant? God seën jou, meneer. God seën jou, daarbo. Dis goed. Party, hier is nog een net hier. God seën jou. Dis net wonderlik.

246 “Ek wil Sy getuie word”? Nog een sou jou hand opsteek, sê: “Broer Branham, bid vir my. Ek wil onthou word in 'n woord van gebed”? God seën jou. Ek sien jou ook, dame daar met jou hand op. Ek sien jou, jong man daar oorkant op die punt. Ek sien jou met jou hand op.

247 Hande gaan oral in hierdie klein gehoor op, vanaand, die afsluiting van die herlewing. Hoe weet ons. . . Hier is nog 'n dame met haar hande op. God seën jou, suster. Hoe weet jy dat hierdie nie die laaste herlewing is wat die Branham Tabernakeltjie ooit sal hê nie?

248 Ek het gestaan, vandag, daar bokant die koue, ysige vorm van 'n jong vrou in haar twintigs. Haar uitgeneem na die graf en haar begrawe. Haar seuntjies het daar gesit by die vader. Die outjies het geloop tot by die kis. Vader het gesê: “Komaan, sê vir mammie: “Totsiens.”” Hulle het daarnatoe geloop en hulle handjies gewuif vir hulle gestorwe, dooie moeder wat daar gelê het: “Totsiens, mammie.” Hulle bruin ogies bedek met trane, en hulle het hulle gesigte verberg in hulle hande.

249 O, sou dit nie droewig wees as daardie moeder vir altyd weg was nie? Maar, deur God se genade is sy bekeer hier by die Tabernakel. Daardie aand wat sy daardie besluit gemaak het, en vorentoe gestap het, is die enigste ding wat nou saak maak. Verlede week het sy rondgehardloop, oor die dorp hier, sterk en gesond, van plan om na die diens toe te kom; siek geword, en gesterf, net binne 'n kort rukkie.

250 Twee van my vriende, albei van hulle het vir die Openbare Werke Maatskappy gewerk, is gister in 'n ongeluk beseer, lê hier in die hospitaal, sterwend op hierdie oomblik, die meisie. Ek

het sewentien jaar saam met haar gewerk; hart reg tot aan haar anderkant geslaan. Een van die substasie-operateurs wat daar lê, 'n vriend van my; ek het baie dae in die woude op 'n stomp gesit, en praat met hom, oor die Here Jesus. Ek wil hom nou oor 'n rukkie sien, weer met hom praat, net voor hy die lewe verlaat. Kyk of die Here vir ons enigiets vir hom sal sê.

²⁵¹ Ek wonder, hulle wat—wat hulle hand opgesteek het, as sondaars, en onthou wou word in 'n woord van gebed. Julle het Christus aangeneem; ek wonder of julle nou glo dat julle Jesus Christus aangeneem het? Wees in gebed, oral, elke hoof gebuig. As jy Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser aanneem, en glo dat Hy jou van sonde gered het, en sal jy net nou op jou voete staan, as 'n getuie. Enige persoon wat hulle hand opgesteek het, sou sê: “Here, ek weet dat U my belowe het dat ‘Wie ook al glo, nie veroordeel sal word nie.’ Ek glo nou en neem U aan as my Verlosser.”

²⁵² Sal julle staan? Ons is bietjie gedruk vir tyd en vir ruimte hier. God seën jou, broer. God seën jou. Bly net staan. As julle sal, staan. Sal iemand anders staan?

Iemand anders net nou staan? Bly net staan, as julle sal. Elkeen met julle hoofde gebuig nou. Oral in die gebou, wees in gebed.

²⁵³ Here, help nou. O God, vergewe sondaars. U het gesê: “Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie,” diegene wat nou gestaan het.

²⁵⁴ God seën jou, broer. Bly net staan. Iemand anders? Party van julle wat julle hand opgesteek het, sê: “God, wees my, 'n sondaar genadig, en red my om Christus' ontwil.” Hy sal dit net daar doen, net daar. Filippus het gesê. . .

“Hier is water. Wat verhinder ons om gedoop te word?” Filippus het gesê: “As jy met jou hele hart glo, kan jy.”

²⁵⁵ Sal jy Hom net nou as jou persoonlike Verlosser wil aanneem? En as jy sal opstaan en van Hom voor mense sal getuig, sal Hy vir jou getuig voor jou Vader en die heilige Engele. Hy kyk na jou. Wil jy 'n getuie wees? Staan dan op jou voete, as jy 'n sondaar is. God seën jou, dame. Iemand daar, 'n man en vrou, geglip. . . met hulle arms om mekaar, wat nou Christus as persoonlike Verlosser aanneem. Nog iemand? Sal jy op jou voete staan, vinnig nou, terwyl die Heilige Gees nou hier in die gebou werk. Sê: “Ek wil Christus nou as my Verlosser aanneem. Ek wil hê jy moet vir my bid.”

²⁵⁶ Dis wat ek gaan doen, terwyl hulle staan, met trane wat teen hulle wange afloop, in die gebou. Sal julle staan? Kyk, almal eerbiedig, niemand wat rondbeweeg nie. As julle asseblief in gebed sal wees.

257 Luister, die Heilige Gees werk nou met die mense. Wat het jou jou hand laat opsteek? Jy kon nie jou hand opsteek as God jou dit nie laat doen het nie. Jesus het gesê: “Niemand kan na My toe kom, as die Vader hom nie trek nie.”

258 As jy net geweet het, sondaarvriend, dat die mense waarmee ek gepraat het, wat sê: “Ek glo nie in God nie. Ek het geen tyd Daarvoor nie. Ek het Dit eenkeer probeer. Ek . . . Daar’s geen . . . Ek het Dit nooit eers begeer nie.”

259 En God het jou die begeerte gegee, vanaand. Word ’n Christen. Moet Hom nie weier nie.

260 Pianiste, orreliste, *Moet Hom Nie Weier Nie*, as jy sal. Goed, terwyl jy jou besluit maak.

Moet Hom nie weier nie, moet Hom nie weier
nie,
Hy het weer na jou hart teruggekeer, al het jy
afgedwaal;
(Mag, Here, sekerlik, haar . . . ? . . .) . . . op
daardie Ewige Dag!
Moenie die Verlosser jou hart weier nie; moet
Hom nie weier nie.

261 O, hoe jy dit nodig sal hê, dat Hy sê: “Wel gedaan.” Sal jy nie nou staan en sê: “Ek neem Christus aan,” nie?

262 Wat daarvan, suster, glo jy dat Hy jou sonde vergewe, wat daar staan?

Almal met julle hoofde gebuig. Ons sal binne ’n minuut afsluit.

263 Neem Hom nou aan, Jesus Christus wat aan jou hart klop. Sal jy nie staan en sê: “Ek neem Christus nou aan as my persoonlike Verlosser,” nie? Sal julle nie staan vir ’n woord van gebed nie? Wat daarvan, jong kêrel daarbuite? God seën jou. God seën jou. Wat van jou daaragter aan die agterkant, wat jou hand opgesteek het, jong dame? Sal jy nie nou opstaan nie?


. . . Hom sal nodig hê om jou saak te bepleit op
daardie Ewige Dag!
Moenie die Verlosser jou hart weier nie; moet
Hom nie weier nie.

264 Terwyl ons weer daardie koortjie sing. Ek wonder, of hulle wat staan, reguit sal afstap hiernatoe, dat ek julle hand kan skud en saam met julle bid, reg hieronder by die altaar. Sal julle kom? Sal die res van julle nie kom nie? Wat van jou wat jou hand daaragter opgesteek het, sal jy nie hiernatoe kom nie? Kom net hiernatoe. God seën jou, man en vrou, kom net ’n oomblik hiernatoe. Loop hierheen. Ek wil jou hand skud, broer, en jy, suster.

...terug na jou hart... (kom saam met haar,
broer)
...al het jy weggegaan;
O, hoe jy Hom sal nodig hê om jou saak te
bepleit op daardie... (Sal julle nie kom nie?)
Moenie die Verlosser jou hart weier nie; moet
Hom nie weier nie.

²⁶⁵ Nou, vriend, dink daaraan. Voor die môre, mag jou siel uit jou liggaam geskeur wees, soos 'n tand wat getrek word, buite deur die ruimte oorkant, in 'n eidelose Ewigheid in, sal dit gaan. Op daardie groot, verskriklike Dag van die Here, wie sal dan jou saak bepleit? Sal jy nie kom nie? Die minste wat jy kan doen op hierdie opstandingsdag, is om te kom, sê: "Here Jesus, ek glo U."

²⁶⁶ [Broer Branham hou aan bid vir diegene by die altaar. Leë kol op band—Red.]...preek, en hierdie ander manne hoor preek. God is hier, as bevestiging, om te sê: "Ek sit My seël van goedkeuring Daarop, dat Dit die Waarheid is." Dis Sy Evangelie. Glo julle dit nou, met julle hele hart.

²⁶⁷ Ek wonder, terwyl ons die oproep maak, of daar 'n afvallige hierbinne is, wat sou sê: "Broer Branham, onthou my, net nou. Onthou my. Ek steek my hand op. Onthou my in gebed"? Kyk, een van hierdie dae, gaan jy heengaan, Jesus Christus trotseer. 

GETUIES AFR53-0405E
(Witnesses)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Paas Sondagaand, 5 April 1953, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org